NG Eldoraigne
Familiekerk

Henriweg 1045
Eldoraigne, Centurion, 0157
Tel: (012) 654 6904
Faks: (012) 654 5236
E-Pos: admin@eldofam.co.za
Web: www.eldofam.co.za

Danville Vakansie-avontuurkampe

Die Danville Vakansie-avontuurkampe word jaarliks gereël vir tieners tussen 13 en 17 jaar uit minder gegoede omstandighede in die weste van Pretoria. In 2018 word die kamp vir die 22ste keer aangebied, waarby meer as 1500 tieners al in die verlede baat gevind het. Tieners wat op die kamp gaan, doen nie self aansoek om op die kamp te gaan nie, maar word deur plaaslike gemeenskapsleiers, kerkleiers, maatskaplike werkers en skoolhoofde geïdentifiseer.

Die kamp vind in 2018 oor die tydperk 21 tot 24 September 2018 plaas.

Tydens die kamp word lewensvaardighede, leierskapsontwikkeling, asook geestelike waardes aangebied binne ŏn heerlike tiener-vriendelike en nie-bedreigende atmosfeer vol avontuur en pret. Situasies soos teistering, molestering, verkragting en gesinsgeweld word aangespreek. ŏn Maatskaplike werker en/of sielkundige maak ook die kamp mee om hiermee behulpsaam te wees.

Opgeleide en geestelike volwasse groepleiers stap ón intensiewe pad met die tieners. Na afloop van die kamp word ŏn opvolgprogram met hulle hanteer. Rolmodellering vind voortdurend plaas en so word ón gesonde selfbeeld ontwikkel. Talle van hierdie tieners skakel later by ons in as personeellede, terwyl hulle ook in hul eie gemeenskap as leiers begin opstaan.

Weens die agtergrond van die tieners en groepleiers uit die area, word die kamp kosteloos vir hulle aangebied. Om dit te kan vermag, word van borge gebruik gemaak. Om een tiener op die kamp te neem kos ongeveer R1500.00. Talle instansies het al in die verlede deur middel van allerlei bydraes gehelp om die kamp moontlik te maak. Hiervoor word die volgende benodig:

- 80 borge van R1500,00 elk, of enige donasie.(Niks is te klein of te groot nie)
- Klere (tweedehands of nuut) asook tekkies, handdoeke, swemklere ens.
- Skenkings soos verversings, voedsel vir die kamp self, skryfbehoeftes, boekpryse en T-hemde. Vanaf Meimaand 2018 sal lyste van spesifieke kos items wat vir die kamp benodig word, beskikbaar wees.
- Voorbidding voor, tydens en na afloop van die kamp

Kontant bydraes kan ook direk by die NG Gemeente Eldoraigne se rekening inbetaal word:

**NG GEMEENTE ELDORAIGNE**
**ABSA Mall@Reds**
**TAKKODE: 632005**
**TJEKREKENING : 3260140042**
**Verwysing – Danville kamp**

Indien u enige verdere navrae het, kan u my gerus kontak by 082 699 4383. Baie dankie vir u belangstelling.

(Jaco Dorfling)
Voorsitter: Danville Avontuurkamp
NG Eldoraigne Familiekerk